# Die Ligdraer

*Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom*

**30 Julie 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Toetredelied:** Lied 163
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 107-2:1,2,3 en Psalm 63-1:3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Openbaring 3:14-22
**Sing:** Skrifberyming 7-2:1,2
**Fokus:** Openbaring 3:14-22
**Preek:**



**Tema:**
*Christus se boodskap aan 'n louwarm kerk.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Psalm 42-1:1,5
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Emeritaatsversorging.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 7
6 Augustus: Wyk 8
13 Augustus: Wyk 9



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00).

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons begin vandag met ’n reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/zrz-xpvu-rga

**GEESTELIKE FONDASIES – CHRISTEN EN GEMEENTE:**
Ons het op Sondag 21 Mei 2023 ’n geestelike fondasies seminaar gehad waartydens ds. Richard Verreynne die volgende drie geestelike fondasies met ons behandel het:

- Christus ons Alles in Alles
- God bo Alles ons Passie
- Verstaan en Bou op Genade

Daar is ook ’n vierde geestelike fondasie, naamlik Christen en Gemeente. Ds. Richard gaan hierdie vierde geestelike fondasie tydens volgende Sondag (6 Augustus) se erediens met ons behandel. Ons versoek alle lidmate om dit by te woon. Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms sal volgende Sondag na die erediens plaasvind.

**LIEF EN LEED:**

- Sr. Maryna Reynders (076 668 6875) se ma is Vrydag oorlede. Ons innige simpatie aan haar, br. Chris (071 715 5536) en die res van die familie, in besonder sr. Wanda Wasmüth (084 791 2101), sr. Cindy Mulpeter en br. Johan Reynders (078 168 8960) wie se ouma dit is wat oorlede is, en sr. Larissa Wasmüth (061 711 5207) en Tyla-Ann Wasmüth (062 093 6146) wie se groot-ouma dit is wat oorlede is.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.

**LIEF EN LEED:**

- Baie geluk aan Veronica de Ru (062 594 0319) en haar ouers, br. Derik (082 446 2766) en sr. Janet (064 882 9750) de Ru, met Veronica se verlowing gister (Saterdag 29 Julie).
- Baie geluk aan br. Gert (082 917 7030) en sr. Estie (083 644 4700) Coetzee met die troue van hulle seun, Abri, gister (Saterdag 29 Julie).

# Die Bybel

**14 “Skryf aan die boodskapper van die gemeente in**
**Laodisea: “Dit sê die Amen, die getroue en ware ge-**
**tuie, die begin van God se skepping,**
**15 “ ‘Ek ken jou dade, dat jy nóg koud, nóg warm is.**
**Was jy nou maar koud of warm! 16 Maar omdat jy**
**louwarm is – nóg warm, nóg koud – gaan Ek jou uit**
**my mond spoeg. 17 Omdat jy sê, “Ek is ryk, ek het**
**skatryk geword, en het aan niks gebrek nie,” en nie**
**besef dat jy ellendig en bejammerenswaardig, brand-**
**arm, blind en naak is nie, 18 raai Ek jou aan om by**
**My goud te koop wat deur vuur gesuiwer is, sodat jy**
**ryk kan wees; en wit klere, sodat jy jou kan aantrek,**
**en die skaamte van jou naaktheid nie sigbaar word**
**nie; en salf om aan jou oë te smeer, sodat jy kan**
**sien. 19 Diegene wat Ek liefhet, berispe en tug Ek:**
**Wees dan ywerig en bekeer jou! 20 Kyk, Ek staan by**
**die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die**
**deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam**
**met hom eet, en hy saam met My.**
**21 “ ‘Wie oorwin, sal Ek saam met My op my troon**
**laat sit, net soos wat Ek ook oorwin het, en saam**
**met my Vader op sy troon sit. 22 Laat dié wat ore**
**het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”**

***~ Openbaring 3:14-22 ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***'n Boer wat ophou skoolgaan voordat hy doodgaan, moet liewer doodgaan voordat hy ophou skoolgaan.***

*~ Wenakker – Okt. 1996 ~*

***Vergelyk eers wat jy het met wat jy nie het nie – dan kan jy waardeer wat jy nie het nie en liefkry wat jy het.***

*~ C. J. Langenhoven ~*

***Ons is gebore om die waarheid na te streef – om dit te besit, is die voorreg van 'n Hoër Mag.***

*~ Montaigne ~*

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA